# Leesgids


# *Geheim in die riete*


**Constant van Graan**

**Tafelberg, 2024**

**LET WEL:** Alle bladsynommers verwys na die eerste uitgawe van die jeugroman ***Geheim in die riete*** (Tafelberg, 2024)





Hierdie leesgids is as hulpmiddel vir die onderwyser en leerder in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **graad 7 Huistaal (of graad 8 Eerste Addisionele Taal)** as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit.

Hierdie leesgids is saamgestel deur **dr. Dewald Koen, Fakulteit Opvoedkunde, Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha.**

**Kopiereg: © Tafelberg, 2025. ’n Druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.**

# INHOUDSOPGAWE

| INHOUD | BLADSY |
|---|---|
| Benaderings tot die onderrig van letterkunde…………………………… | 3 |
| Afdeling A: Pre-lees (Ontleed en bespreek die voorblad)…......……… | 4 |
| Biografie van die skrywer………………………………………………… | 5 |
| Literêre begrippe: Verteller……………………………………………….. | 6 |
| Literêre begrippe: Tyd en ruimte.......................……………………… | 7 |
| Literêre begrippe: Intrige, temas, titel en botsings of konflik....……... | 8-9 |
| Karakterisering…………………………………………………………… | 10 |
| Karaktersketse…………………………………………………………… | 11-12 |
| Afdeling B: Lees………………………………………………………….. | 13 |
| *Geheim in die riete*: Die verhaal in ’n neutedop.................................. | 14 |
| Afdeling C: Post-lees……………………………………...……………... | 15 |
| Kontekstuele vrae (Hoofstuk 1-19)…………………..………………….. | 16-27 |
| Die raaisel (Aktiwiteit)…………………………………………………… | 28 |
| Memorandum (Hoofstuk 1-19)…………………………………………… | 29-37 |
| Woordeskatlys…………………………………………………………… | 38-39 |
| Aktiwiteite vir verryking...........................................…………….. | 40-41 |
| Literêre glossarium……………………………………………………… | 42-44 |
| Bronnelys………………………………………………………………….. | 45 |

Tafelberg



**“Lig skyn in die donker, daarom is dit maklik om boosheid te probeer verslaan. Maar wat baie meer van jou vra, is om jou Ander Een te oorwin.”**

**(Van Graan, 2024:133)**



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## BENADERINGS TOT DIE ONDERRIG VAN LETTERKUNDE (VIR DIE ONDERWYSER)

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir **Afrikaans Huistaal** (**Senior fase, graad 7-9**) beklemtoon die belangrikheid vir die lees van letterkunde in die klaskamer. Volgens die KABV (2011:10) moet die lees van letterkunde in die klaskamer by leerders "'n sensitiwiteit wek vir taal wat meer verfyn, letterkundig, figuurlik, simbolies en betekenisvol gebruik [kan] word".

Alhoewel die onderrig van letterkunde (drama, prosa en poësie) nie altyd maklik is nie, is dit **belangrik dat leerders by die onderrigproses betrek word om hul kommentaar en interpretasie van die teks of gedig met ander te deel**. <u>Onderwysers moet ook daarteen waak om nie hul eie vooroordele, interpretasie en idees oor 'n literêre teks op leerders af te dwing nie</u>, maar eerder 'n gesonde en gebalanseerde debat oor letterkunde in die klaskamer bevorder. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat interpretasie van 'n teks of gedig nie gaan oor wat reg of verkeerd is nie, maar oor wat binne die konteks van die literêre teks vir die leerder betekenisvol is (KABV, 2011:10).

Hier volg 'n paar wenke vir die beste benadering tot die onderrig van letterkunde soos in die KABV (2011:10) uiteengesit:

- **Lees soveel as moontlik van die teks sonder enige onderbreking in die klas.** Leerders wat die teks sonder ondersteuning kan lees, moet aangemoedig word om dit te doen.
- Die klem is nie op gevorderde literêre interpretasie nie, maar om aan leerders te wys hoe hulle **huistaal of EAT subtiel, intelligent, verbeeldingryk en vindingryk gebruik kan word.**
- Kreatiewe skryfwerk moet nou aansluit by die studie van enige literêre teks. **Klasbesprekings wat tot skryfaktiwiteite lei is baie waardevol.**
- Moenie slegs fokus op die onderrig van 'die regte antwoord' nie, maar **fokus op die interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing asook die ondersoek van die literêre teks.**



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## AFDELING A: PRE-LEES

"Pre-lees stel die leerders aan die teks bekend. Dit aktiveer assosiasies en vorige kennis" (KABV, 2011:27).

- Vluglees en soeklees tekskenmerke.
- Vluglees en soeklees dele van die boek (jeugroman).
- Maak voorspellings gebaseer op die inligting wat uit vluglees en soeklees verkry is.
- Hanteer belangrike woordeskat wat vir leerders onbekend mag wees.

**ONTLEED EN BESPREEK DIE VOORPLAT [VOORBLAD] VAN DIE JEUGROMAN**

**Let wel: Die volledige analise (bespreking) van die voorplat sal eers tydens die post-leesfase voltooi kan word nadat leerders die jeugroman gelees het.**

**<u>Let op die volgende aspekte</u>: Titel, outeur, gebruik van kleur, plasing van voorwerpe, agtergrond en lettertipe. Lees die blakerteks op die agterplat. Watter verwagtings skep die omslag van die jeugroman by die leser?**






Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

**BIOGRAFIE VAN DIE SKRYWER**

# CONSTANT VAN GRAAN









**(Erkenning: Foto met vergunning van die skrywer.)**

Constant is ’n romanskrywer en dramaturg, asook senior lektor in die Program vir Forensiese Rekenmeesterskap aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus. In sy vrye tyd is hy ook liedjieskrywer en sanger van die musiekgroep *Pelican State*.

Sy deurbraak in skryf kom in 2012 toe sy kortverhaal “Plan B” in Human & Rousseau se kortverhaalbundel *Nuwe Stories 1* opgeneem word. Kort daarna word dit opgevolg met kortverhale in die Woordfeesbundel en die internasionale *The Bundle of Joy and other Stories from Africa*. In 2016 skryf en regisseer hy die donkerkomedie *Wolf ter Slagting* wat by Aardklop debuteer en dis ook in dié tyd wat *Jungu Josh*, Constant se fantasie-reeks, gebore word. Vandag is ***Jungu Josh*** bekend as ’n unieke bydrae tot die Afrikaanse fantasie-genre, en brei Constant die *Jungu Josh*-wêreld uit met ’n Magani-woordeboek, *Jungu Josh*-temalied en **interaktiewe webtuiste**.

Lees gerus die volgende titels in die *Jungu Josh*-reeks: ***Jungu Josh: Die kryger van Aboemondja*** (2020) en ***Jungu Josh: Die waters van Wafu*** (2021).




Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## LITERÊRE BEGRIPPE

**ROMAN / JEUGROMAN (NOVEL) – DEFINISIE (Vir die onderwyser.)**

Die woord "roman" beteken letterlik "'n boek geskryf" in Romaans (Grové 1963:80). Die roman is 'n **prosaverhaal waarin mense (karakters) "geplaas in 'n sekere omgewing**, geteken word in hulle begeertes, hulle onderlinge verhoudinge en hulle handelinge" (1963:80). **Die klem val dus op <u>karakterontwikkeling</u>** eerder as 'n beskrywing van die handelinge.



**DIE VERTELLER (PROTAGONIS)**

Elke verhaal het 'n **verteller**. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die **skrywer en die verteller nie dieselfde persoon is nie**. Die menings van die verteller is nie noodwendig die van die skrywer nie. In *Geheim in die riete* is die **skrywer Constant van Graan** en die **verteller is 'n <u>alwetende derdepersoonsverteller</u>**. Ons kan tussen drie soorte vertellers onderskei:

Tafelberg

### EERSTEPERSOONSVERTELLER

Die eerstepersoonsverteller is ook bekend as die **ek-verteller**. Die verhaal word slegs uit die gesigshoek van een karakter in die verhaal vertel. Die ek-verteller weet egter nie wat die ander karakters dink en voel nie, maar kan slegs afleidings uit die ander karakters se handelinge, optrede of dialoog maak. Die ek-verteller is besonder geslaagd as verteller om sy of haar eie gevoelens en emosies te beskryf.

### ALOMTEENWOORDIGE (ALWETENDE) DERDEPERSOONSVERTELLER

Hierdie tipe verteller vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hy/sy is **oral teenwoordig** op elke plek, ruimte en tyd.

### DERDEPERSOONSVERTELLER


Die derdepersoonsverteller beskik oor **beperkte alwetendheid** en die skrywer van die roman beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters **(in *Geheim in die riete* is dit Kruhan Malherbe)**. Die skrywer is aan die kant van die karakter en beleef die gebeure in die verhaal deur die karakter se gees.



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## TYD

## VERTELTYD VERSUS VERTELDE TYD



**Verteltyd**: Die term 'verteltyd' verwys volgens Brink (1987:92) na "die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel". (**Met ander woorde die aantal bladsye van die novelle of roman**.)

**Vertelde tyd**: Die 'vertelde tyd' dui op "die periode wat deur die storie gedek word vanaf die vroegste tydsmoment waarna [in die teks] verwys word" (1987:92). Steenberg (1985:90) noem die 'vertelde tyd' die 'leestyd' wat "meetbaar [is] in minute, ure, dae [en] weke".

Die jeugroman *Geheim in die riete* se **verteltyd** strek dus oor **184 bladsye** bestaande uit **negentien hoofstukke**. Die **vertelde tyd** strek oor 'n **aantal weke**.

Die verhaal word **<u>chronologies</u>** aangebied.

## TYDSVERLOOP

### CHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Chronologiese tydsverloop verwys na **tyd wat op mekaar volg** bv. Maandag, Dinsdag, Woensdag of oggend, middag en aand.

### ACHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Achronologiese tydsverloop verwys na **tydsverloop wat nie op mekaar volg nie**. Die tydsverloop in die verhaal word afgewissel. Daar is **tydspronge en terugflitste** na gebeure wat in die verlede plaasgevind het. Die hede en verlede word ook met mekaar afgewissel.

In die jeugroman *Geheim in die riete* is die verloop van tyd **chronologies**.

## RUIMTE OF PLEK



Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** in *Geheim in die riete* is maklik identifiseerbaar. Die ruimte waarin die roman afspeel is in 'n **woonwapark** (Kebospark) in die **Suid-Kaap** (Tuinroete).




Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## INTRIGE

## RAAMWERK VAN GEBEURE

Die term "intrige" verwys na die **plan waarvolgens die verhaal (storie) ontwikkel**. Dit word ook die **raamwerk van gebeure** genoem. Die intrige verwys na die **volgorde waarin die gebeure in die verhaal plaasvind**. <u>Intrige lei tot spanning</u>. Indien die intrige nie deursigtig of maklik voorspelbaar is nie, is die roman meer geslaagd aangesien dit die leser enduit sal boei.



## TEMAS


Die tema van die verhaal verwys na enige lewenswaarheid en/of –insig wat uit die verhaal voortspruit. **'n Tema is altyd universeel** en is nie gebonde aan tyd, ruimte, omstandighede of 'n karakter nie. **Voorbeelde: verlies, geweld, liefde en reis.**

## TITEL

Die titel verwys na die naam van die verhaal (storie). Die titel van die jeugroman is ***Geheim in die riete***. Die titel is 'n belangrike komponent aangesien dit die verhaal ontsluit (die titel bevat **leidrade** oor die inhoud van die teks). Die titel bevat ook dikwels 'n tema of temas uit die jeugverhaal soos in dié geval waar **die titel verwys na die geheim wat in die riete verskuil is wat 'n kernrol in die narratief (storie/verhaal) speel.**

## BOTSINGS OF KONFLIK

Twee tipes botsings kan in 'n verhaal voorkom naamlik **uiterlike botsing of innerlike botsing**.





Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

**Uiterlike botsing word met geweld assosieer** soos gevegte tussen karakters, niefisiese botsings soos ’n argument of selfs net ’n deurborende kyk van een karakter na ’n ander. **Voorbeeld: Dink byvoorbeeld aan Kruhan se geveg teen die Nylkrokodil (Timma wat in ’n Nylkrokodil transformeer.)**


**Innerlike botsing verwys na konflik in die karakter se gemoed**. Voorbeelde van innerlike konflik sluit in geestelike, emosionele of selfs morele wroeging. Innerlike botsing vind plaas wanneer ’n karakter emosioneel oor iets wroeg. **Voorbeeld: Kruhan Malherbe koester innerlike woede teenoor sy ouers. Hy is kwaad omdat hy voel dat sy ouers nie na hom luister nie.**



Verdere voorbeelde sluit in **die botsing tussen die mens en sy/haar omgewing** wat botsings tussen die mens en die maatskaplike orde soos egskeiding, armoede, verslawing ensovoorts insluit.

Tafelberg

**Botsing kan ook plaasvind tussen die mens en die natuur** wanneer die natuur deur ’n dier, woestyn of rivier versimboliseer word. Dink byvoorbeeld aan ’n daadwerklike botsing tussen ’n jagter en die leeu wat die jagter bespring wanneer die geweerskoot afgaan.





Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## KARAKTERISERING

### HOOFKARAKTER

**Kruhan Malherbe is die hoofkarakter** (protagonis) in die jeugroman. Hy is die sentrale figuur waarom die gebeure in die teks afspeel. **Die hoofkarakter <u>ondergaan karakterontwikkeling</u>** en word ook ’n **ronde of kommunikatiewe** (Smuts, 1975:23) **karakter** genoem. Hierdie tipe karakter se innerlike sowel as die uiterlike word duidelik aan die leser uitgebeeld.

### NEWEKARAKTERS


**Newekarakters word ook plat- of vlakkarakters genoem**. Hierdie karakters word by die verhaal betrek om die hoofkarakter te belig. Die newekarakters ondergaan geen noemenswaardige karakterontwikkeling nie en dra by tot moontlike botsing waarin die hoofkarakter sy/haar innerlike aan die leser kan openbaar. **In *Geheim in die riete* sal Wijkie en Oupa van Wijk voorbeelde van ’n newekarakter wees.** Smuts (1975:23) verwys na newekarakters as “nie-kommunikatiewe” karakters.

Tafelberg

### KARAKTERBEELDING (KARAKTERSKETS)

### EKSPLISIETE KARAKTERBEELDING

Eksplisiete karakterbeelding kan geskied deur dit wat die verteller oor die karakter aan die leser meedeel of dit **wat die ander karakters in die jeugroman (verhaal) van die karakter sê of dink**.



### IMPLISIETE KARAKTERBEELDING

**Implisiete karakterbeelding word deur die optrede van die hoofkarakter aan die leser oorgedra** waaruit die leser die volgende afleidings kan maak naamlik die voorkoms en uitbeelding van die karakter se omgewing, die karakter se houding en handelinge asook wat die karakter van hom- of haarself dink en sê.

**Kom ons bestudeer die karakters in *Geheim in die riete*.**



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

| KARAKTER | KARAKTERSKETS |
| --- | --- |
| **Kruhan Malherbe (hoofkarakter)** | Kruhan Malherbe is die **hoofkarakter**. Hy is twaalf jaar oud, het ’n blas vel en is maer met knopknieë. Sy gunsteling koeldrank is Iron Brew. Hy is in graad sewe. Hy het ’n litteken op sy arm. Sy wenkbroue groei woes en raak amper aan mekaar. |
| **Ignatius Malherbe (Bynaam: “Ig”)** | Ignatius Malherbe is **Kruhan se pa**. Hy maak stemopnames om ’n inkomste te verdien. Hy dra ’n baard. Hy praat vlot Nederlands, Duits, Sesotho en Frans. Hy het ’n jaar in Amsterdam gewoon voor hy Kruhan se ma (sy vrou) ontmoet het. Hy geniet dit om grappe te maak. Hy is ’n baie verstrooide persoon. |
| **Marielle Malherbe** | **Sy is Kruhan se ma**. Sy het blonde hare wat woes met ’n potlood in ’n bolla vasgesteek is. Sy is ’n spookskrywer van beroep en skryf hoofsaaklik liefdesromans. Sy is ook Kruhan se onderwyser. Op sestien was sy ’n swemsensasie wat provinsiale 10 meter-duiktitels ingeryg het. |
| **Jack van Wijk (“Dadda”)** | Jack is die parkbestuurder van Kebospark. Hy is Wijkie se pa. |
| **Wijkie van Wijk** | Wijkie is die bestuurder van Kebospark se dogter. Sy het donkerbruin oë en ’n deurmekaar kuif. Sy is jonger as Kruhan en lyk effens verwaarloos. Kruhan beskou haar as “te groot vir haar skoene”. |
| **Oupa van Wijk** | Hy woon in die karavaanpark. Hy is stom en dra ’n grys baard. Sy vel lyk soos leer, met plooie wat diep in sy voorkop en wange inkeep. Sy oë lyk moeg. Hare groei woes uit sy neus en ore. Hy het ophou praat nadat sy dogter, **Margie**, vermis geraak het toe hulle langs die strandmeer uitgekamp het. |
| **Mevrou Agnieszka Górecki**  | Mevrou Górecki woon in ’n oranje karavaan. Sy is van Poolse herkoms. Sy het rooi, krullerige hare wat woes staan. Sy het rooi aartjies op haar neus met pofferige wange. Sy het lang naels wat groen geverf is. Sy het ’n kekkellag en haar tande is geel. Sy het egter ’n hart van goud. |



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

| | |
|---|---|
| **Tim ("Timma")**<br><br>**Hy transformeer in 'n Nylkrokodil.** | Tim is ouer as Kruhan. Hy is sestien of sewentien jaar oud met woeste blonde hare wat in alle rigtings staan. Sy wenkbroue is perfek en hy het geen puisies nie. Hy het kuiltjies wat diep in sy wange keep, is lank, gespierd en bruingebrand. Sy oë is geelgroen met ovaal pupille. Tim se pa was 'n dronklap en het hom en sy ma gelos toe hy vier jaar oud was. Tim se ma het hom die skuld gegee vir sy afwesige pa en hom op vyftienjarige ouderdom uit die huis geskop. Hy mis nie sy ouers nie. |
| **Ollie en Sollie Jaarsma** | Sollie en Ollie Jaarsma is 'n tweeling. Hulle woon in 'n Jurgens-woonwa met 'n ligblou tent. Albei is kort en rond met grys hare wat 'n ring maak om hulle bleskoppe. Hulle dra dieselfde klere (wit gholf-hemde met groen strepe, blou rugbybroekies en crocs met kouse). Die een broer se hemp het 'n oliekol en die ander broer dra 'n snor. Sollie is 'n baie netjiese persoon terwyl Ollie slordig is. |
| **Marinda** | Marinda is Sollie en Ollie se suster. Haar seun se naam is Ruan. |
| **Margie van Wijk** | Margie is Jack se sussie (**Wijkie se pa**). Sy het jare gelede vermis geraak toe hulle langs die strandmeer uitgespan (gekamp) het. Sy het swart hare, groen oë met sproete op haar gesig. |
| **Ivan Ross** | Ivan het ses jaar gelede vermis geraak in die park. Hy was elf jaar oud toe hy vermis geraak het. |
| **Die Grewel** | Die Grewel is 'n bedrieglike ondier. |
| **Kardinaal Krobber** | Kardinaal Krobber is 'n **rot**. Hy was vroeër 'n kerkrot. Hy het nie tande nie en daarom praat hy vreemd. Hy is blind, sy oë wasig en hy is lief vir gesels. |
| **Frederiku** | Frederiku is 'n Suid-Amerikaanse **wasbeer**. Hy het 'n gestreepte stert, skerp naels, rooibruin pels en 'n lang, spits gesiggie. Sy een oor het 'n hap weg. Hy kan die toekoms sien en is immuun teen die nagapies se gif. |
| **Kelvin en Rufus** | Kelvin en Rufus is die **otters**. |
| **Benji en Tessa** | Benji en Tessa is die Van Wijks se **hondjies**. |
| **Bertha** | Bertha is 'n reuse **waterskilpad**. |



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## AFDELING B: LEES

“Lees verwys na die **verstaan van die teks** en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan” (KABV, 2011:23).

- Toon aktiewe begrip van die teks.
- Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
- Gebruik leesbegripstrategieë.
- Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

**WENK**

**Moenie te veel klem plaas op die skriftelike beantwoording van vrae tydens die leesfase nie. Dit mag leerders ontmoedig om die verhaal sowel as die leesproses te geniet. Die verhaal moet eers waardeer word voordat daar tydens die post-leesfase enige vorm van assessering plaasvind.**

**Vermy ook om vrae gebaseer op die jeugroman vir ‘tuiswerk’ te gee. Staan tyd tydens die les af vir leerders om vrae in die klas te beantwoord om sodoende kritiese denke en besprekings oor die jeugroman aan te moedig.**






Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## DIE VERHAAL IN ’N NEUTEDOP (OPSOMMING)

**Kruhan Malherbe** is ’n twaalfjarige seun. Hy woon saam met sy pa en ma in **Kebospark**; ’n karavaanpark in die **Suid-Kaap**. Sy ouers werk baie hard en bring min tyd saam met hom deur. Dit maak hom ongelukkig en soms verwens hy sy ouers daaroor.

Tydens hul verblyf in Kebospark ontmoet Kruhan ’n aantal interessante karakters soos **Wijkie**, die **Jaarsma-tweeling** en **mevrou Górecki**. Kruhan word gou bewus van ’n misterieuse atmosfeer in die karavaanpark. Een aand word hy na ’n magiese plek in die strandmeer geneem. Daar ontmoet hy vir **Timma**. Timma is al in sy tienerjare en aanvanklik is hy vriendelik en gasvry teenoor Kruhan. Daar is ook ’n klomp oulike diere soos die twee otters wat toertjies kan doen om Kruhan te vermaak. Vir ’n kort tydperk verloop die nagtelike besoeke seepglad en vind Kruhan ware geluk in die nuwe vriend wat hy gemaak het.



Hierdie vriendskap is egter van korte duur wanneer Kruhan besef dat Timma eintlik nie die vriendelike tienerseun is wat hy voorgee om te wees nie. Timma se magiese wêreld is nie so wonderlik en mooi soos dit eers was nie. Kruhan onderneem ’n reis na die magiese wêreld met die doel om by die silwer bessiebos uit te kom nadat talle mense (insluitend sy ouers) deur die **nagapies** gebyt is. Die nagapies se gif laat mense in ’n diep slaap verval. Kruhan is die enigste persoon wat hulle kan red.

Kruhan onderneem ’n opwindende dog gevaarlike **avontuur** om die inwoners van Kebospark teen die euwel in Timma (**die Grewel**) se eens magiese wêreld te red. Tesame met **Frederiku**, slaag Kruhan daarin om die Grewel te verslaan en bring ’n bos bessies saam met hom terug. Sodoende kan hy almal se lewens red. Hy **verslaan die bose** elemente en die son skyn weer eens oor Kebospark. Kruhan kom tot die besef dat sy ouers baie lief is vir hom. Sy besoek aan Kebospark het sy lewe verander. Uiteindelik stem Kruhan in om terug te keer Alberton toe aangesien hy volgende jaar sy hoërskoolloopbaan daar gaan begin.



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## AFDELING C: POST-LEES

"Post-lees stel leerders in staat om die **teks as geheel te beskou en daarop te reageer**" (KABV, 2011:23).

**Kom ons toets jou leesbegrip. Hoe deeglik het jy die storie gelees?**

**<u>HOOFSTUK 1</u> (bl. 5-8)**

**Kontekstuele vrae:**

1.1. Verduidelik waarom Wijkie ook in die karavaanpark woon.

1.2. Watter woord is 'n beter keuse vir "grootmens" (**bl. 5**)? (**Wenk: sinoniem**)

1.3. Wat beteken dit as iemand sê **'n kind is te groot vir sy of haar skoene**?

1.4. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

**Benji en Tessa is worshondjies.**

1.5. Waarom, dink jy, is dit vir Jack van Wijk belangrik dat die woonwapark altyd netjies en rommelvry moet wees? Noem **TWEE** moontlike redes.

1.6. Waar in Suid-Afrika is die Tuinroete geleë?

1.7. Wat is jou mening omtrent 'n vakansie in 'n woonwapark? Sal jy dit geniet om daar vakansie te hou? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Tafelberg

**<u>HOOFSTUK 2</u> (bl. 9-18)**

**Kontekstuele vrae:**

2.1. Hoe weet Kruhan dat sy ma hard aan die werk is en dat hy haar nie moet pla nie?

2.2. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

**'n Persoon kan donker kringe onder sy of haar oë ontwikkel indien hy of sy nie genoeg slaap nie.**

2.3. Verduidelik wat 'n "spookskrywer" is.

2.4. Dink jy kinders moet hulle ouers op hul voornaam kan aanspreek? Gee 'n rede vir jou antwoord.

2.5. Wat is die verskil tussen "Nederlands" en "Duits"? (**bl. 11**)



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

2.6. Noem **TWEE** redes waarom Kruhan se ouers besluit het om hulle huis in Alberton te verkoop en die land vol te reis.

2.7. Verduidelik waarom dit beter is vir Kruhan om tuis onderrig te word.

2.8. Waarom is Kruhan kwaad vir sy ouers?

2.9. Is dit goed indien ’n persoon met ’n wrok in hul hart gaan slaap? Gee ’n rede vir jou antwoord.

2.10. Waarin het Kruhan se ma uitgeblink toe sy ’n tiener was?

**HOOFSTUK 3 (bl. 19-30)**

**Kontekstuele vrae:**

3.1. Hoe sal jy reageer indien jy wakker word en twee otters met jou begin praat?

3.2. Wat doen die otters om te verhoed dat Kruhan vir hulle bang word?

3.3. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

**Kruhan se ouers kon nie die geraas in die tent hoor nie aangesien hulle vas geslaap het.**

3.4. Hoe het Kruhan tot by die houthuisie in die middel van die strandmeer gekom?

3.5. Aan watter sprokiesverhaal laat die houthuisie jou dink? Kies slegs **EEN** van die volgende antwoorde deur die korrekte **LETTER** te skryf:

A: Aspoestertjie
B: Hansie en Grietjie
C: Die paddaprins
D: Klein Duimpie

3.6. Watter gevoel skep die atmosfeer by die drywende houthuisie op die strandmeer?

3.7. Gee ’n volledige beskrywing van die seun wat Kruhan by die houthuisie ontmoet.

3.8. Kruhan hou baie van Iron Brew. Hierdie koeldrank proe soos:

A: suurlemoensap
B: gemmerbier
C: rooiwyn
D: druiwesap

3.9. Hou jy daarvan om rympies (of raaisels) op te los of te ontsyfer? Gee ’n rede vir jou antwoord.

3.10. Sou jy jouself soos Kruhan as ’n “nuuskierige” mens beskryf?



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## HOOFSTUK 4 (bl. 31-36)

**Kontekstuele vrae:**

4.1. Waar het Kruhan uitgekom toe hy terugkeer na Kebospark?

4.2. Waaroor is Kruhan kwaad vir sy ouers?

4.3. Verduidelik wat dit beteken indien ’n persoon “stom” is. (**bl. 33**)

4.4. Noem **DRIE** magiese dinge of gebeure wat Kruhan die vorige aand gesien het.

4.5. Watter karaktereienskap maak mevrou Górecki **anders** as die meeste inwoners by Kebospark?

4.6. Is die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR**?

4.6.1. **Wijkie moet gereeld haar pa help om die wasgoed te was.**
4.6.2. **Oupa van Wijk het per ongeluk sy tong afgebyt toe hy eendag vir ’n dief geskrik het.**
4.6.3. **Kruhan se ouers is baie ondersteunend en stel belang in sy doen en late.**
4.6.4. **Mevrou Górecki is ’n towenaar.**
4.6.5. **Kruhan-hulle se woonwa is oranje.**

4.7. Waarom is dit belangrik dat mense nie wilde diere in ’n park soos Kebospark moet voer nie? Verduidelik.

4.8. Indien jy Kruhan was, sou jy Wijkie se raad volg en mevrou Górecki gaan sien om jou toekoms te voorspel? Gee ’n rede vir jou antwoord.

Tafelberg



***Die karavaanpark (Kebospark)***

## HOOFSTUK 5 (bl. 37-46)

**Kontekstuele vrae:**

5.1. Watter aktiwiteite doen die Jaarsma-tweeling graag?



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

5.2. Beskryf mevrou Górecki se fisieke voorkoms. (Noem **VYF** eienskappe.)

5.3. Waarom noem baie Afrikaanssprekende kinders volwassenes "oom" of "tannie" wanneer hulle met hulle kommunikeer? Verduidelik.

5.4. Wie is Frederiku?

5.5. Waaroor is Kruhan baie opgewonde?

5.6. Dink jy dit is regverdig teenoor Kruhan dat sy pa die uitstappie kanselleer? Gee ’n rede vir jou antwoord.

5.7. Is Kruhan se reaksie (**5.6.**) geregverdig? Gee ’n rede vir jou antwoord.

5.8. Wat merk Kruhan op omtrent die slingerplante?

5.9. Waaroor, dink jy, is die nagapies so opgewonde?

## **HOOFSTUK 6** (bl. 47-60)

**Kontekstuele vrae:**

Tafelberg

6.1. Watter nuwe karakter ontmoet Kruhan daardie aand toe hy Timma besoek?

6.2. Wat stel Kruhan en Timma in staat om in die donker te kan sien?

6.3. Hoe sal jy Kruhan se gemoed op hierdie stadium beskryf?

6.4. Waarom is dit volgens Timma moeilik om blou forelle te vang?

6.5. Indien iets of iemand "skoonveld" (**bl. 54**) is, is (**óf** het)...

A: die iets of iemand in ’n skoon veld in ’n natuurreservaat
B: die iets of iemand verdwyn en is nêrens te sien of te vind nie
C: die iets of iemand agter ’n bos weggekruip
D: die iets of iemand besluit om die veld skoon te maak deur die rommel op te tel.

6.6. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

**Kruhan het tydens sy jagtog ’n karp en twee forelle gevang**.

6.7. Sou jy Timma as ’n manipulerende karakter beskryf? Gee ’n rede vir jou antwoord.



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

**<u>HOOFSTUK 7</u> (bl. 61-71)**

**Kontekstuele vrae:**

7.1. Wat merk Kruhan op omtrent die Jaarsma-tweeling? (**bl. 63**)

7.2. Verduidelik waarom Ollie en Sollie nie mekaar se woonspasie in die tent en karavaan binnegaan nie.

7.3. Wat is jou mening omtrent "skinder"?

7.4. Verduidelik wat dit beteken indien mense van "heinde en verre" (**bl. 67**) kom.

7.5. Dink jy Kruhan kan mevrou Górecki vertrou? Gee 'n rede vir jou antwoord.

7.6. Beskryf Wijkie se oupa se fisieke voorkoms.

7.7. Waarom luister Kruhan nie na Oupa van Wijk wanneer hy hom aan sy arm gryp nie?

7.8. Hoe kan 'n mens met iemand wat nie kan praat nie kommunikeer?

7.9. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

**Wijkie se oupa het twee rubberrekke in sy broeksak gehad.**

Tafelberg

**<u>HOOFSTUK 8</u> (bl. 72-82)**

**Kontekstuele vrae:**

8.1. Wat beteken dit indien 'n persoon "langtand" (**bl. 72**) aan iets eet? Verduidelik.

8.2. Watter skokkende nuus vertel Kruhan se ouers vir hom in die Wimpy?

8.3. Watter redes gee Kruhan se ouers vir die (**8.2.**) besluit?

8.4. Dink jy sy ouers se besluit is 'n goeie besluit? Gee 'n rede vir jou antwoord.

8.5. Waarom is Timma se nota op Kruhan se bed vir hom nuttig?

8.6. Wat sou Kruhan doen indien hy nie 'n nota ontvang het nie?

8.7. Wat het mevrou Górecki vir Kruhan gegee?

8.8. Waarom, dink jy, bederf Timma vir Kruhan met lekker kos?



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

**<u>HOOFSTUK 9</u> (bl. 83-89)**

**Kontekstuele vrae:**

9.1. Is die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR**?

9.1.1. **’n Volstruis het vir Kruhan na die skeur in die grond geneem.**
9.1.2. **Kelvin en Rufus is saam met Kruhan in die grot.**
9.1.3. **Kruhan val sy knieë stukkend toe hy by die afgrond afduik.**
9.1.4. **Kruhan besluit om by die linkerkantste ingang in te gaan.**
9.1.5. **Kelvin en Rufus was opgewonde toe Kruhan aan die trosse bessies wou raak.**

9.2. Waarheen lei die linkerkantste ingang?

9.3. Hoe verklaar Kruhan die pas afgelope gebeure?

9.4. Hoe sou jy gereageer het indien jy jouself in die vreemde ruimte sou bevind?

9.5. Wie het vir Kruhan, Kelvin en Rufus terug na die houthuis geneem?

9.6. Waarom is Kruhan opgewonde toe hy vir Timma sien?



***Die waterval***

**<u>HOOFSTUK 10</u> (bl. 90-96)**

**Kontekstuele vrae:**

10.1. Aan watter voorwaardes moet Kruhan voldoen om vir ewig saam met Timma in die houthuisie op die strandmeer te bly?



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

10.2. Dink jy Timma is 'n betroubare karakter? Gee 'n rede vir jou antwoord.

10.3. Noem **TWEE** redes waaraan Kruhan dink om nie Timma se voorwaardes te aanvaar nie.

10.4. Hoe het Timma geweet dat Kruhan se ouers beplan om terug stad toe te trek?

10.5. Wat merk Kruhan op omtrent Timma se uiterlike voorkoms?

10.6. Verduidelik waarom Kruhan skielik ongemaklik voel in Timma se teenwoordigheid.

10.7. Wat sou jou keuse gewees het indien jy Kruhan was? Gee 'n rede vir jou antwoord.

10.8. Wie, dink jy, is die "Bosbok" waarna Timma se rympie verwys?

**<u>HOOFSTUK 11</u> (bl. 97-106)**

**Kontekstuele vrae:**

11.1. Hoe het Kruhan geweet dat iets verander het toe hy weer bo die water verskyn?

11.2. Beskryf die metamorfose wat Timma ondergaan het. (**Gebruik 'n woordeboek om die betekenis van "metamorfose" na te slaan indien jy nie weet wat die woord beteken nie.**)

11.3. Verduidelik waarom Timma vir Kruhan in 'n gat toesluit.

11.4. Wie ontmoet Kruhan terwyl hy in die gat opgesluit is?

11.5. Wat is die rede vir die persoon (**11.4.**) se gevangenskap?

11.6. Wie is "die Grewel"?

11.7. Waarom klink kardinaal Krobber se spraak vreemd?

11.8. Op **bl. 106** verwys Kardinaal Krobber na die "Ander Een". Wie, dink jy, is die "Ander Een" na wie hier verwys word?

11.9. Maak 'n voorspelling: Dink jy Kruhan gaan daarin slaag om van die Grewel te ontsnap? Gee 'n rede vir jou antwoord.

**<u>HOOFSTUK 12</u> (bl. 107-116)**

**Kontekstuele vrae:**

12.1. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Wijkie het Kruhan agtervolg om hom van die Grewel te red.**



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

12.2. Watter belangrike waarskuwing rig kardinaal Krobber tot Kruhan en Wijkie?

12.3. Hoe het Wijkie daarin geslaag om Kruhan tot by die vlot te agtervolg? Verduidelik.

12.4. Watter wyse raad het Wijkie se oupa vir haar gegee indien sy haarself in ’n moeilike situasie sou bevind?

12.5. Wat is Timma se geheime wapen om te verhoed dat Wijkie en Kruhan van sy wrede wêreld ontsnap?

12.6. Verduidelik waarom dit so belangrik is dat die nagapies hulle nie byt nie.

12.7. Watter belangrike lewensles kan veral jonger kinders uit Kruhan se situasie leer?



***Kruhan en Wijkie spring in die strandmeer.***

**<u>HOOFSTUK 13</u> (bl. 117-127)**

**Kontekstuele vrae:**

13.1. Watter realiteit het uiteindelik tot Kruhan deurgedring omtrent Timma se karakter?

13.2. Waarom is die bytplek aan Wijkie se nek kommerwekkend?

13.3. Verduidelik waarom Kruhan so bekommerd is dat Wijkie dalk kan sterf.

13.4. Is die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR**?

13.4.1. **Kruhan se ouers besit ’n Mitsubishi Pajero.**
13.4.2. **Oom Sollie en oom Ollie is nie deur die nagapies gebyt nie.**



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

13.4.3. **Kruhan voel skuldig omdat hy sy ouers verwens het.**
13.4.4. **Wijkie se oupa is deur 'n nagapie gebyt.**
13.4.5. **Margie was Wijkie se ouer suster.**

13.5. Stel 'n lys op van die boeke wat Kruhan in Wijkie se oupa se karavaan sien. Onthou om die **titel sowel as die naam van die skrywer** aan te dui.

13.6. Wie het vir Kruhan vertel van die geneesmiddel om die nagapies se byte teen te werk?

**<u>HOOFSTUK 14</u> (bl. 128-137)**

**Kontekstuele vrae:**

14.1. Hoe weet Kruhan dat hy nie meer in die Tuinroete is nie?

14.2. Gee 'n volledige beskrywing van Margie se uiterlike voorkoms.

14.3. Watter plek wys Margie vir Kruhan?

14.4. Wat het Margie en Kruhan in gemeen?

14.5. Waarom het Margie haar verskyning aan Kruhan gemaak?

14.6. Beskryf die uitdagende taak wat Margie vir Kruhan gee.

14.7. Wat is Timma se grootste swakheid?

Tafelberg

14.8. Wie, dink jy, is Kruhan se "Ander Een" (**bl. 133**)?

14.9. Watter guns vra Margie vir Kruhan?

14.10. Verduidelik waarom dit ongewoon is om 'n krokodiltand in die Suid-Kaap te vind.

14.11. Tot watter besef kom Kruhan nadat hy hoofstuk 17 van prof. Joggelmanns se boek gelees het?

**<u>HOOFSTUK 15</u> (bl. 138-151)**

**Kontekstuele vrae:**

15.1. Wat het Wijkie se oupa vir Kruhan gegee?

15.2. Noem **TWEE** redes waarom Kruhan vir Frederiku saamgeneem het.

15.3. Waarom is dit 'n goeie teken dat Kruhan die pers ghoen in sy broeksak gesit het?



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

15.4. Is Frederiku manlik of vroulik? Haal **EEN woord** uit die teks aan om jou antwoord te motiveer. (**Onthou om aanhalingstekens te gebruik.**)

15.5. Gee ’n beskrywing van die houthuis soos dit in hierdie hoofstuk lyk.

15.6. Wat beteken die gesegde “ek gaan jou laat les opsê” op **bl. 144**?

15.7. Verduidelik waarom Kruhan homself vol drellerige, vrot melk smeer.

15.8. Waarom het Kruhan die baber gevang? Verduidelik.

15.9. In watter gedaante het die pelikaan verander?

**<u>HOOFSTUK 16</u> (bl. 152-162)**

**Kontekstuele vrae:**

16.1. Waarheen neem die vlermuis vir Kruhan en Frederiku?

16.2. Verduidelik waarom baie mense “Die Bos van Begunstiging” (**bl. 157**) besoek.

16.3. Wie ontmoet Kruhan voor die silwer bos?


16.4. Dui die verskille tussen Kruhan en sy “Ander Een” aan.

16.5. Op watter wyse probeer die “Ander Een” Kruhan oortuig om in Timma se wêreld te woon eerder as in die realiteit saam met sy ouers?

16.6. Noem **TWEE** redes waarom Kruhan kies om by sy ouers te bly.

16.7. Wat was onder die klip by die silwer bos?

16.8. Hoekom is dit belangrik dat Kruhan die objek (**16.7.**) saam met hom neem?



***Margie se versteekte brief onder die klip***



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## <u>HOOFSTUK 17</u> (bl. 163-174)

**Kontekstuele vrae:**

17.1. Hoe het Kruhan en Frederiku daarin geslaag om weer terug by die vlot in die strandmeer te kom?

17.2. Verduidelik wat ’n “kuur” is (**bl. 164**). (**Gebruik ’n woordeboek om die betekenis van “kuur” na te slaan indien jy nie weet wat die woord beteken nie.**)

17.3. In watter dier het Timma getransformeer?

17.4. Watter belangrike boodskap probeer Kruhan aan Timma oordra?

17.5. Stem jy saam met Kruhan in vraag **17.4**? Gee ’n rede vir jou antwoord.

> **“Jy kul kinders om hierheen te kom. Jy teer op hulle hartseer en ongelukkigheid.”**
>
> **(Van Graan, 2024:166)**

Tafelberg

17.6. Na wie verwys Kruhan in die bostaande aanhaling?

17.7. Wat het die Nylkrokodil gedoen wat Kruhan geweldig ontstel het?

17.8. Wat is die “Steen van Katebet”?

17.9. Hoe het Kruhan daarin geslaag om die Nylkrokodil te verslaan? Verduidelik.

17.10. Verduidelik waarom kardinaal Krobber vir Kruhan bedank nadat hy die Nylkrokodil verslaan het.

17.11. Wat het gebeur nadat die huis en die vlot gesink het?

17.12. Sou jy Kruhan as ’n held beskryf? Gee ’n rede vir jou antwoord.



***Kardinaal Krobber***



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

<u>**HOOFSTUK 18**</u> **(bl. 175-178)**

**Kontekstuele vrae:**

18.1. Waarom is Wijkie se oupa bly toe Kruhan die silwer bessies uit sy rugsak haal?

18.2. Watter beskrywing beteken dieselfde (**sinoniem**) as "grysaard"? (**bl. 175**) Skryf slegs die korrekte **LETTER** neer:

A: ’n Ou man of vrou wat altyd depressief voel.
B: ’n Ou man of vrou wat ’n gryserige vel en voorkoms het.
C: Die man of vrou is oud (bejaard).
D: Die man of vrou is ’n volwassene.

18.3. Bestudeer die volgende tabel. Kies die korrekte antwoord in **KOLOM B** wat by die naam in **KOLOM A** pas.

| | **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|---|
| **18.3.1.** | Kruhan se ma se naam | **A**: Sigeunervrou |
| **18.3.2.** | Mevrou Górecki | **B**: Kruhan |
| **18.3.3.** | Oom Jack van Wijk | **C**: Frederiku |
| **18.3.4.** | Die persoon wil ’n partytjie hou. | **D**: Marielle |
| **18.3.5.** | Die karakter red Mevrou Górecki nadat die nagapies haar gebyt het. | **E**: Die nagapies het nie die persoon gebyt nie. |

18.4. Wat, dink jy, is in die fles wat oom Jack van Wijk in sy hempsak dra?



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.



***Die strandmeer***

**<u>HOOFSTUK 19</u> (bl. 179-184)**

**Kontekstuele vrae:**

19.1. Wat is opvallend omtrent die weer in Kebospark?

19.2. Wat beteken dit as iemand "sy roes afslaap"? (**bl. 179**)

19.3. Sou jy sê dat Marinda 'n goeie kok is? Gee 'n rede vir jou antwoord.

19.4. Verduidelik waarom Sollie en Ollie vir Kruhan "Ruan" noem.

19.5. Waarom hyg Kruhan na sy asem wanneer hy Wijkie se oupa raakloop?

19.6. Verduidelik waarom Kruhan se ouers verstom is dat hy terug Alberton toe wil trek.


19.7. Dink jy die jeugroman het 'n gelukkige einde? Gee 'n rede vir jou antwoord.

19.8. Het jy dit geniet om *Geheim in die riete* te lees? Gee **DRIE** redes vir jou antwoord.

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.



*Geheime lê verskuil tussen die riete...*

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## DIE RAAISEL

**Wat is 'n raaisel?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

# RAAI, RAAI…

Ontleed die raaisel soos wat jy 'n gedig sal ontleed.

| | |
|---|---|
| **'n Bosbok wandel in die ruigte** | |
| **soekend na 'n watertuiste.** | Waar is die "watertuiste"? |
| **Hy vind 'n dam 'n bietjie later** | |
| **en les sy dors: Hy drink baie water.** | Waarna verwys die "baie water"? |
| | ---------------------------------------------------- |
| **Nog nooit het Bosbok so 'n smaak** | |
| **of soetheid in sy mond gehad.** | Is die "soetheid" letterlik of figuurlik? |
| **Hy ril en runnik van plesier** | |
| **en dink: Van nou af woon ek hier.** | Waar is "hier"? |
| | ---------------------------------------------------- |
| **Terwyl sy maag al voller raak,** | Waarvan word sy "maag" al voller? |
| **verskyn daar iets wat borrels maak.** | |
| **Hy sien dit en dit laat hom wip,** | |
| **maar sug verlig – dis net 'n klip!** | |
| | ---------------------------------------------------- |
| **Maar hierdie 'klip' laat Bosbok hyg,** | Wie is die "Bosbok"? |
| **want dit kom nader aangedryf.** | |
| **En voordat hy kan koes of keer,** | |
| **word Bosbok uitmekaar geskeur.** | Wie sal of wil Bosbok "uitmekaar skeur"? |
| | ---------------------------------------------------- |
| | Ontsnap hy – en sien jy hom nooit weer! (**bl. 116**) |



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## MEMORANDUM: KONTEKSTUELE VRAE

**Hierdie memorandum is voorgestelde antwoorde. Die onderwyser kan die antwoorde uitbrei waar van toepassing.**

### HOOFSTUK 1

1.1. Wijkie se pa is die bestuurder van Kebospark.

1.2. volwassene

1.3. Die gesegde beteken ’n kind is te vrypostig. Die kind tree soos ’n volwassene op en bemoei hom- of haarself met volwasse sake. Die Engelse ekwivalent is “Too big for his [or her] boots.”

1.4. **ONWAAR**

1.5. **Leerder se eie antwoord. Die leerder moet ’n gepaste rede verskaf.**

1.6. Die Tuinroete is in die Suid-Kaap geleë.

1.7. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

### HOOFSTUK 2

2.1. Sy ma se hare is in ’n woeste bolla met ’n potlood vasgesteek.

2.2. **WAAR**

2.3. ’n Spookskrywer verwys na ’n skrywer wat ’n verhaal of outobiografie namens ’n ander persoon skryf. Die ware skrywer se naam verskyn dus nie op die voorblad nie.

2.4. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

2.5. Nederlands word hoofsaaklik in Nederland en dele van België gepraat. Duits word hoofsaaklik in Duitsland gepraat. **(Engelssprekende leerders is geneig om “Dutch” met “Duits” te verwar.)**

2.6. Sy ouers wou vir hom die wêreld wys aangesien sy ma in ’n klein woonstelletjie grootgeword het en sy pa weens armoede nooit as kind met vakansie kon gaan nie. Sy ouers wil hê Kruhan moet dinge en plekke kan beleef.

2.7. Hulle woon selde op dieselfde plek. Gevolglik kan Kruhan nie elke keer van skool verander nie. Tuisonderrig is dus die beste opsie.

2.8. Kruhan voel sy ouers steek goed vir hom weg en dat hulle nie genoeg tyd saam met hom spandeer nie.



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

Tafelberg

2.9. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

2.10. Kruhan se ma was ’n goeie duiker wat op provinsiale vlak 10-meter duiktitels ingeryg het.

**HOOFSTUK 3**

3.1. **Leerder se eie antwoord.**

3.2. Die otters doen allerhande toertjies om Kruhan te vermaak.

3.3. **ONWAAR** (Let wel: Die karavaan is **klankdig** gemaak.)

3.4. Daar is ’n voetpad met reuselelieblare wat op die water dryf.

3.5. **B** (Hansie en Grietjie) [Die assosiasie is met die huisie wat “**aanloklik**” voorkom.]

3.6. Die huisie lyk **knus** en dit lyk asof ’n persoon lekker daar kan woon.

3.7. Die seun is sestien of sewentien jaar oud. Hy het woeste blonde hare en diep kuiltjies in sy wange. Hy is lank, bruingebrand en gespierd. Sy bolyf is kaal. Sy rug blink van die sweet en hy dra ’n verflenterde linnebroek. Die linnebroek het ’n gat bo die seun se regterboud. Sy oë is geelgroen met ovaal pupille.

3.8. **B** (gemmerbier)

3.9. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

Tafelberg

3.10. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

**HOOFSTUK 4**

4.1. Hy was in Kebospark se swembad.

4.2. Kruhan voel dat sy ouers nooit luister na wat hy sê nie.

4.3. Die persoon kan nie praat (**verbaal kommunikeer**) nie.

4.4. Hy het gloeiende visse en vuurvliegies gesien. Daar was otters wat bollemakiesie slaan en ’n huis wat op die water dryf.

4.5. Sy is in staat om goed te sien wat ander mense nie kan sien nie.

4.6.1. **ONWAAR**
4.6.2. **ONWAAR**
4.6.3. **ONWAAR**
4.6.4. **ONWAAR**
4.6.5. **ONWAAR**



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

4.7. Die diere verleer sodoende om self kos te vind. Die diere kan ook lastig raak en mense pla deur kos te soek.

4.8. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

**HOOFSTUK 5**

5.1. Hulle maak gereeld tuin of sit buite die koerant en lees.

5.2. Sy het rooi hare wat woes en krullerig om haar kop staan en rooi aartjies wat op haar neus loop tot op haar pofferige wange. Haar naels is lank en groen geverf. Sy het geel tande.

5.3. Dit word beskou as 'n teken van respek. Dit word gewoonlik gekoppel aan die wyse waarop die kind grootgemaak word.

5.4. Frederiku is mevrou Górecki se Suid-Amerikaanse **wasbeer**.

5.5. Sy pa gaan hom neem om kano te ry en vis te vang.

5.6. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

5.7. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

5.8. Die slingerplante lyk anders. Die plante is groener en lyk asof hulle gloei in die sonlig.

5.9. **Leerder se eie antwoord.**

Tafelberg

**HOOFSTUK 6**

6.1. Hy het vir Bertha, 'n reuse waterskilpad, ontmoet.

6.2. Die vuurvliegies verskaf voldoende lig.

6.3. **Leerder se eie antwoord.**

6.4. Die blou forelle is baie sku (**skaam**).

6.5. **B** (die iets of iemand verdwyn en is nêrens te sien of te vind nie)

6.6. **ONWAAR**

6.7. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

**HOOFSTUK 7**

7.1. Hulle lyk identies behalwe dat die een broer ’n oliekol op sy hemp het en dat die ander broer ’n snor het.

7.2. Sollie is ’n netjiese en georganiseerde persoon terwyl Ollie onnet en ongeorganiseerd is.

7.3. **Leerder se eie antwoord.**

7.4. Die mense kom van verskillende plekke bymekaar – gewoonlik vanaf plekke wat vêr geleë is.

7.5. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

7.6. Sy vel lyk soos leer, met plooie wat diep in sy voorkop en wange inkeep. Sy oë lyk moeg. Hy het ’n baard.

7.7. Kruhan verstaan nie wat hy vir hom wil sê nie. Hy voel bang omdat die oom sy arm vasgegryp het.

7.8. Jy kan met die persoon kommunikeer deur die gesprek **neer te skryf**.

7.9. **WAAR**

Tafelberg

**HOOFSTUK 8**

8.1. Die persoon is nie honger nie of hy of sy hou nie van dit wat hy of sy eet nie. (Dit proe of smaak sleg.)

8.2. Sy ouers het besluit om terug Alberton toe te trek.

8.3. Kruhan moet volgende jaar hoërskool toe gaan en dit sal beter wees indien hy skool saam met sy portuurgroep bywoon.

8.4. **Leerder se eie antwoord. Die leerder moet ’n gepaste rede verskaf.**

8.5. Die nota vertel vir Kruhan hoe hy weer vir Timma kan besoek. (Dus waar hy hom kan vind.)

8.6. Kruhan sou vir homself ’n paadjie met ’n mes tussen die riete oopgekap het.

8.7. Sy het vir hom ’n pers ghoen gegee.

8.8. **Leerder se eie antwoord.**



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

**HOOFSTUK 9**

9.1.1. **ONWAAR**
9.1.2. **WAAR**
9.1.3. **ONWAAR**
9.1.4. **ONWAAR**
9.1.5. **ONWAAR**

9.2. Die linkerkantste ingang lei na die kleitrappe wat hulle weer na "bo" gaan neem.

9.3. Hy is van mening dat dit 'n "tydlus" moet wees.

9.4. **Leerder se eie antwoord.**

9.5. Die pelikane het hulle teruggeneem.

9.6. Kruhan wil vir Timma van sy avontuur vertel.

**HOOFSTUK 10**

10.1. Kruhan moet belowe om nooit weer kontak met die buitewêreld en veral sy ouers te maak nie. Hy moet sy ouers afsweer.

10.2. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

10.3. Sy pa het hom beskerm toe hy deur 'n boerboel aangeval is en sy pa doen ekstra werk om vir hom goed te koop soos die fiets wat hy wou gehad het.

Tafelberg

10.4. Die nagapies spioeneer op die inwoners en weet alles wat daar gebeur en gesê word. (Die leerder kan ook noem dat hy 'n magiese karakter is wat sulke dinge weet.)

10.5. Timma se uiterlike voorkoms het verander. Dit lyk asof Timma se tande langer en skerper geword het.

10.6. Kruhan besef instinktief dat Timma dalk nie is wie hy voorgee om te wees nie.

10.7. **Leerder se eie antwoord. Die leerder moet 'n gepaste rede verskaf.**

10.8. **Leerder se eie antwoord.** (Die "Bosbok" verwys na <u>Kruhan</u>.)

**HOOFSTUK 11**

11.1. Dit is steeds donker.

11.2. Timma se hare is yler en daar is gapings tussen sy eens perfekte tande.

11.3. Timma wil verhoed dat Kruhan sy wêreld verlaat en terugkeer na sy ouers toe.



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

11.4. Hy ontmoet kardinaal Krobber.

11.5. Hy vermoed hy is daar toegesluit omdat hy te veel praat ("babbel").

11.6. Timma is die Grewel.

11.7. Hy het geen tande nie.

11.8. **Leerder se eie antwoord.**

11.9. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

**HOOFSTUK 12**

12.1. **WAAR**

12.2. Hulle moet versigtig wees vir die nagapies aangesien hulle byt giftig is.

12.3. Sy het by Kebospark se swembad gestaan en die rympie opgesê om toegang tot Timma se wêreld te verkry.

12.4. Jy kan enige slegte situasie met die regte gesindheid verander.

12.5. Hy is die enigste een wat die einde van die rympie (raaisel) ken.

12.6. Indien die nagapies hulle byt, gaan hulle in 'n dodelike diep slaap verval en nooit weer wakker word nie.

12.7. **Leerder se eie antwoord.** (Moet nie vreemdelinge goedsmoeds vertrou nie.)

**HOOFSTUK 13**

13.1. Timma is 'n slegte (euwel) persoon of karakter.

13.2. Wijkie kan in 'n dodelike slaap verval.

13.3. Wijkie is Kruhan se enigste vriend.

13.4.1. **WAAR**
13.4.2. **ONWAAR**
13.4.3. **WAAR**
13.4.4. **WAAR**
13.4.5. **ONWAAR**

13.5. *Egipte: Mites en monsters* (Freddie Foxenburg)
*Gees van die bos: 'n Padkaart na jou innerlike totemdier* (Chloe Calway)
*Voertsek! Artefakte en brousels wat boosheid afweer* (M.M. Kloosters)
*Die geheim van die Nyl: Verhale wat die nekhare laat rys* (Minjon Hoek)
*Magiese struike en tradisionele medisyne* (Gunther Jakonof)



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

13.6. Kardinaal Krobber het vir Kruhan daarvan vertel.

**HOOFSTUK 14**

14.1. Die klipperige grond en die lang gras lyk anders as die by Kebospark.

14.2. Margie het swart hare, groen oë met sproete op haar gesig.

14.3. Margie wys vir Kruhan die Klipriviersberg-natuurreservaat naby Alberton.

14.4. Sy was eens op ’n tyd net so ongelukkig en ontevrede soos Kruhan.

14.5. Margie het aan Kruhan verskyn om hom te waarsku dat die hele wêreld in gevaar verkeer.

14.6. Kruhan moet Kebospark (en die wêreld) red deur Timma (die Grewel) te verslaan.

14.7. Frederiku se pers ghoen is Timma se grootste swakheid.

14.8. **Leerder se eie antwoord.** (Dit verwys na Kruhan se “donker” persona.)

14.9. Hy moet die brief wat sy onder die klip langs die bessiebos weggesteek het vir haar pa (Wijkie se oupa) gee.

14.10. Krokodille kom nie in die Suid-Kaap voor nie.

14.11. Hy weet hoe om pelikane te lok.

Tafelberg

**HOOFSTUK 15**

15.1. Wijkie se oupa het vir Kruhan ’n <u>ou kaart</u> gegee sodat hy sy weg tussendeur die riete kan vind.

15.2. Frederiku is immuun teen die nagapies se gif. Hy kan ook in die toekoms sien.

15.3. Hy gaan die pers ghoen kan gebruik om Timma (die Grewel) te verslaan.

15.4. Manlik – “hom” (**bl. 141**)

15.5. Die houtwoning is vervalle en grillerig. Spinnerakke span oor die dak en daar is oral gate in die mure. Daar lê twee smerige matrasse op die stoep waar die hangmatte altyd gehang het.

15.6. Dit beteken iemand gaan jou (in die geval die Grewel) verslaan of oorwin. (Die persoon moet **verantwoording doen** vir sy of haar dade.)



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

15.7. Hy het aas nodig om die reuse pelikaan te lok. Hy smeer homself vol vrot melk sodat hy ’n blou forel kan vang. Sodoende kan hy dit as aas gebruik om die pelikaan te lok.

15.8. Die blou forelle het in aaklikge **babers** verander (getransformeer).

15.9. Die pelikaan het in ’n **vlermuis** verander.

**HOOFSTUK 16**

16.1. Die vlermuis neem hulle na die bekende heuwel wat bo die woud uittroon sodat Kruhan by die gleuf in die grond kan kom.

16.2. Die bos het helende eienskappe.

16.3. Hy ontmoet sy tweeling (sy ander “ek”). Dit is die “**Ander Een**” wat hy moet verslaan.

16.4. Die “Ander Een” het geen puisies op sy gesig nie en sy wenkbroue is perfek vergeleke met Kruhan se wenkbroue wat in alle rigtings groei en amper aan mekaar raak.

16.5. Hy herinner Kruhan aan die aaklige meenthuiskompleks asook die nuwe skool wat hy sal moet bywoon indien sy ouers verhuis.

16.6. Sy pa het hom teen ’n boerboel beskerm en sy ouers werk hard om vir hom goed te kan koop soos ’n fiets en die rubberbootjie.

16.7. Die brief wat Margie vir haar pa geskryf het en daar weggesteek het.

16.8. Hy het Margie belowe dat hy die brief vir haar pa sal gee.

**HOOFSTUK 17**

17.1. Die vlermuis het hulle in die strandmeer laat val nadat Kruhan die baber in die water laat val het.

17.2. ’n Kuur verwys na ’n middel wat iets of iemand van iets (soos ’n siekte) kan **genees**.

17.3. Hy het in ’n Nylkrokodil getransformeer.

17.4. Jy kan nie mense dwing om jou vriend te wees nie.

17.5. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

17.6. Hy verwys na Timma/ die Grewel/ die Nylkrokodil.

17.7. Hy het kardinaal Krobber vermoor (of doodgemaak).



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

17.8. Die steen verwys na die pers ghoen wat oor towerkragte beskik.

17.9. Kruhan het Timma (die Nylkrokodil) se bek oopgeforseer en Frederiku het die pers ghoen in sy keel afgegooi.

17.10. Hy kan terugkeer na die kerk waar hy aan begrafnistoebroodjies en kaas kan smul.

17.11. Die donkerte verdwyn en die son skyn. Kruhan bevind homself op die sanderige wal van die strandmeer vanwaar hy Kebospark kan sien.

17.12. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

## HOOFSTUK 18

18.1. Hulle kan die inwoners van die karavaanpark se lewens red.

18.2. **C** (Die man of vrou is oud – bejaard.)

18.3.1. **D** (Marielle)
18.3.2. **A** (Sigeunervrou)
18.3.3. **E** (Die nagapies het die persoon nie gebyt nie.)
18.3.4. **B** (Kruhan)
18.3.5. **C** (Frederiku)

18.4. **Leerder se eie antwoord.** (**alkohol**)

## HOOFSTUK 19

19.1. Vir die eerste keer in ’n lang tyd skyn die son.

19.2. Dit verwys na ’n persoon wat te veel alkohol gedrink het en dit moet afslaap om weer nugter te word.

19.3. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

19.4. Hulle suster (Marinda) se seun se naam is Ruan. (Dus hulle kleinneef.)

19.5. Hy het geskrik toe Wijkie se oupa hom aan sy skouers nadergetrek het.

19.6. Kruhan was aanvanklik baie kwaad en teleurgesteld toe hulle die besluit met hom in die Wimpy gedeel het.

19.7. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.**

19.8. **Ja of Nee. Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.** (**DRIE** redes word vereis.)



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## WOORDESKATLYS (Sien HAT of TWEETALIGE WOORDEBOEK)

| WOORD | BLADSY | VERTALING (ENGELS) [VIR EAT-LEERDERS] | BETEKENIS [Vul die betekenis hier in.] Afrikaans (Huistaal & EAT) |
|---|---|---|---|
| **spookskrywer** | **10** | | |
| **sigeuners** | **12** | | |
| **wrok** | **18** | | |
| **genoegdoening** | **22** | | |
| **vlot** | **23** | | |
| **akwarium** | **28** | | |
| **stom** | **33** | | |
| **slingerplante** | **36** | | |
| **kruie** | **37** | | |
| **doodluiters** | **43** | | |
| **verwens** | **46** | | |
| **vergaap** | **49** | | |
| **geil** | **50** | | |
| **troebel** | **52** | | |
| **verleë** | **56** | | |
| **agterdogtig** | **62** | | |
| **gehawende** (gehawend) | **67** | | |
| **besienswaardigheid** | **67** | | |
| **bog** | **69** | | |
| **verstrooidheid** (verstrooid) | **75** | | |
| **koekoes** | **79** | | |

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **laf** | **85** | | |
| **nors** | **88** | | |
| **litteken** | **92** | | |
| **lighoofdig** | **100** | | |
| **ontferm** | **105** | | |
| **gesindheid** | **112** | | |
| **aarsel** | **112** | | |
| **lokval** | **118** | | |
| **beaam** | **130** | | |
| **weddenskap** | **132** | | |
| **troefkaart (troef)** | **133** | | |
| **koggel** | **142** | | |
| **gek** | **147** | | |
| **gryns** | **157** | | |
| **snuiter** | **169** | | |
| **gasheer** | **182** | | |
| **verstom** | **183** | | |
| **ADDISIONELE WOORDESKAT** | | | |
| **blerts** | **5** | | |
| **tuur** | **6** | | |
| **valdeur** | **99** | | |
| **snorbaard** | **101** | | |
| **knal** | **153** | | |



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## AKTIWITEITE VIR VERRYKING (IDEES VIR DIE ONDERWYSER)

1. **Klasaktiwiteit**: Die klas kan hulle eie **raaiselboek** saamstel. Laat elke leerder ’n raaisel skryf. Die leerders kan daarna in groepe onderskeidelik ’n voorblad, inhoudsopgawe en sketse vir die raaiselboek voorberei. Die boek kan as geheel in die klas voorgelees word of met ander klasse gedeel word om “raai-raai” te speel.

2. Kebospark is ’n interessante ruimte met interessante karakters. **Maak ’n plakkaat** met belangrike inligting en prente oor die park en die karakters in die jeugroman. Die leerders moet **’n kort aanbieding van twee tot drie minute voorberei** waarin elkeen sy of haar plakkaat in die klas aanbied.

3. Verbeel jouself jy is Kruhan. Jy het pas teruggekeer na jou eerste besoek aan Timma. Skryf ’n **dagboekinskrywing** waarin jy jou gevoelens oor die besoek bespreek. (**Aantal woorde soos per die KABV.**)

4. **Navorsingsaktiwiteit**: Daar word in die jeugroman na verskillende soorte diere verwys. Maak ’n lys van die soorte diere waarna verwys word. Verdeel die klas in groepe. Elke groep moet inligting oor ’n dier versamel waarna die groep ’n **aanbieding van twee tot drie minute lewer**. In die aanbieding moet prente van die dier asook interessante inligting oor die dier met die klas gedeel word. (Leerders kan ’n PowerPoint-aanbieding gebruik indien die skool of klas ’n dataprojektor besit.) Andersins kan hulle ’n plakkaat maak.

5. **Plakkaat**: Ontwerp ’n plakkaat (**A2-grootte**) waarop jy **visuele uitbeeldings** van al die karakters aanbring. Gebruik **sleutelwoorde** om elke karakter se **karaktereienskappe** langs die skets of prent aan te dui.

**VOORBEELD**:

*GEHEIM IN DIE RIETE*

**KARAKTERSKETS**



**KRUHAN MALHERBE**


- Hy is die hoofkarakter in die jeugroman.
- Hy is twaalf jaar oud.
- Hy is ’n dapper seun.

6. Indien prakties moontlik, **nooi die skrywer** om by die skool oor die jeugroman met die leerders te kom gesels. Die besoek kan ook virtueel via MS Teams plaasvind indien die skool oor die nodige fasiliteite beskik.




Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

7. **Ontwerp ’n bordspeletjie** soortgelyk aan slangetjies en leertjies. Die vrae moet handel oor *Geheim in die riete*. Indien ’n speler die vraag korrek beantwoord, mag hy of sy een blokkie op die bord aanskuif. Gebruik die speletjie om leerders se kennis van die jeugroman te toets. (**Die aktiwiteit kan in groepe of pare geskied.**)



8. **Spelkompetisie**: Leerders word in groepe of pare verdeel. Die leerders moet vooraf al die woorde in die woordeskatlys leer (**spelling asook betekenis**). Elke groep kry ’n beurt om ’n woord te spel asook die betekenis van die woord te gee. Indien die groep se antwoord foutief is, verbeur hulle die punt. Die groep wat die meeste punte behaal aan die einde van die kompetisie, wen.




9. Margie van Wijk het verdwyn. Haar ouers is baie bekommerd en jy wil hulle help om haar op te spoor. Ontwerp ’n **pamflet** wat jy aan die plaaslike gemeenskap kan uitdeel in ’n poging om Margie op te spoor. (**Wenk: Gebruik geel papier of karton indien moontlik. Geel trek dadelik die menslike oog. Dit sal veral effektief wees vir pamflette wat teen bome of kennisgewingsborde aangebring word.**)

* * *

## LITERÊRE GLOSSARIUM

**Die KABV (2011:94-102) beklemtoon die volgende belangrike literêre asook nie-literêre terme waarvan die onderwyser en leerder kennis moet neem.**

**denotasie** (teenoorgestelde van *konnotasie*) **–** dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van ’n woord of uitdrukking

**dramatiese ironie –** ’n vorm van kontras; die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser / toeskouer / ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontlont) spanning, genot en gehoordeelname

**eksplisiet** (in teenstelling met *implisiet*) **–** betekenis wat duidelik of direk gestel word

**esteties –** betreffende die skoonheidsin; staan in verband met sensitiwiteit en waardering vir die skone soos die skoonheid van taal of die blywende waarde van tekste

**evalueer –** om ’n opinie te vorm, ’n oordeel te vel oor ’n teks

**geïmpliseerde betekenis –** betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

**genre –** ’n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale (folklore)

**gevolg –** die resultaat van handeling / gebeure of ’n aksie

**herlees –** ’n leesstrategie wat die leser nog ’n kans gee om ’n uitdagende teks te verstaan

**herformuleer –** ’n leesstrategie waarvolgens die leser die betekenis van ’n gelese gedeelte mondelings of skriftelik oorvertel, verkort of opsom

**huistaal –** die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en / of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal “waarin ’n mens dink”

**implisiet** (teenoor *eksplisiet*) **–** dit wat nie direk in ’n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word

**inklusiwiteit –** die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, te omvat, op te neem

**intrige –** verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

**ironie –** woordgebruik waarmee ’n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat ’n mens kon verwag het



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

**karikatuur –** ’n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van ’n karakter en wat die spot dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

**klimaks** (ook *hoogtepunt*) **–** die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.

**konflik –** stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan

**konnotasie –** wat gesuggereer word deur ’n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

**konteks –** die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kontekstuele leidrade –** ’n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in ’n teks te gebruik om betekenis te verklaar

**kontras** (ook *antitese, teenstelling*) **–** stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

**kopkaarte / breinkaarte –** grafiese netwerkvoorstelling van idees of ’n onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

**letterlik** (teenoor *figuurlik*) **–** die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

**literêre tegnieke –** letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

**oorsaak –** dit wat aanleiding gee tot ’n handeling / gebeure / aksie of ’n toestand te reageer

**parafrase –** die herbewoording van ’n idee in jou eie woorde

**perspektief –** ’n karakter / verteller se standpunt / siening oor kwessies in ’n roman of drama

**retoriese vraag –** ’n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, ’n mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv. *Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

**samehang –** onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

**sarkasme –** bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker / skrywer bedoel

**satire –** iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens / maatskappy word onthul of geopenbaar; ’n satiriese literêre werk het gewoonlik ’n bewustelike sosiale inslag



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

**simbool –** ’n teken / voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig; ’n tradisionele simbool soos ’n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net ’n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook ’n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys

**sintetiseer –** die saamvoeg van idees uit verskeie bronne; ’n duidelike opsomming van hierdie saamgevoegde idees

**sleng** (ook *slang*) **–** ’n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my ’n kop aangesit / Jy kan kwaai bestuur*

**soeklees –** om jou oë oor ’n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy ’n naam of nommer in ’n telefoongids soek of ’n trein- of busrooster raadpleeg

**stem –** dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As ’n mens lees of kyk, kan jy ’n indruk van die skrywer se bedoeling / voorneme kry.

**stemming –** atmosfeer of emosie in geskrewe tekste; dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele, oudio en oudiovisuele tekste geskep word.

**stereotipe –** vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

**styl –** trant of manier van skryf; die unieke manier waarop ’n skrywer woorde en sinne “rangskik” om ’n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in.

Tafelberg

**subintrige –** ondergeskikte verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

**teks –** dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**tema –** die sentrale idee of idees in ’n literêre werk. ’n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet/vanselfsprekend wees nie.

**transaksionele skryfwerk –** funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

**vergelyk** (verwys ook na *kontras*) **–** om vas te stel op watter maniere dinge eenders of verskillend is

**vluglees –** om ’n teks baie vinnig te lees ten einde ’n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees



Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## BRONNELYS

Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: ’n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.

KABV (Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring). 2011. (Kyk Suid-Afrika.) Departement van Basiese Onderwys. Pretoria: Staatsdrukker.

Lawrence, D. et al. *Afrikaansmetodiek deur ’n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Sesde Uitgawe*. Kaapstad: Pearson.

Scholtz, P.W. & Vorster, M.E. 2013. *Viva Afrikaans graad 12 Huistaal*. Florida Hills: Vivlia.

Smuts, J.P. 1975. *Karakterisering in die Afrikaanse Roman*. Pretoria: HAUM.

Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.

Van Graan, C. 2024. *Geheim in die riete*. Kaapstad: Tafelberg.

Tafelberg





Leesgids saamgestel deur dr. Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.